

LL

Saak No 16/1989

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
APPÈLAFDELING

Insake die appèl van:

ISMAIL MOKGETHI

Eerste Appellant

GODFREY NENE

Tweede Appellant

SIPHO MODISE

Derde Appellant

MOSES MODIBANE

Vierde Appellant

JULIAN THOKE

Vyfde Appellant

teen

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

VAN HEERDEN, VIVIER, STEYN, KUMLEBEN
ARR et FRIEDMAN Wn AR

VERHOORDATUM:

22 AUGUSTUS 1989

LEWERINGSDATUM:

18 SEPTEMBER 1989

UITSpraak

VAN HEERDEN AR:

Op 19 November 1986 het die vyf appellante in 'n gesteelde voertuig na die middedorp van Rustenburg gereis. Al vyf was gewapen en hul oogmerk was om die tak van Eerste Nasionale Bank (destyds Barclays Bank) in Pleinstraat te beroof. Die vyfde appellant was die bestuurder van die voertuig (die Toyota) en het dit naby die bankgebou (die bank) geparkeer. Hy het in die Toyota sit en wag terwyl die ander vier appellante die bank binnegegaan het.

Omstreeks 9 vm het een van die tellers, William Moloto (die oorledene), die hoof deur van die bank oopgemaak. 'n Aantal persone het toe binnegekom. 'n Ander teller, ene Ndluvu, het in sy hokkie gestaan, gereed om klante van diens te wees. Die personeelgedeelte van die bank was deur 'n toonbank geskei van die area wat deur klante benut is. Toegang tot bedoelde gedeelte is verkry deur 'n deur in die toonbank. Ndluvu kon die deur ontsluit deur 'n knop in sy hokkie te druk. Terwyl hy besig was om geld van

die voorste klant in ontvangs te neem, het die oorledene by die deur in die toonbank opgedaag. Ndlovu het die deur ontsluit. Toe die oorledene egter daaraan vat om dit oop te trek, het 'n Swart man, wat tweede in die ry voor Ndlovu gestaan het, eersgenoemde weggestamp. Daarna het die man self tot in die deuropening beweeg. Dit was een van die eerste vier appellante (X) maar sy identiteit is nie verder bepaalbaar nie. X het vanuit die opening 'n skoot afgevuur wat die glasvenster van Ndlovu se hokkie getref het. Hy en nog een van die eerste vier appellante het later tot agter die toonbank beweeg alwaar hulle meer as R5 000 buitgemaak het en ook vir Ndlovu van 'n rewolwer beroof het.

Ene Kgomo het net agter X in die ry voor Ndlovu se hokkie gestaan. Toe X die venster raakskiet, sien Kgomo die oorledene na die hoofdeur van die bank hardloop. X skiet weer en die oorledene val. 'n Ander klant, Harny Mokwalasi, probeer agter

Kgomo skuil. X rig sy vuurwapen op hulle en Kgomo val plat. Eersgenoemde vuur 'n derde skoot. Dit tref Mokwalasi.

Nadat die geld en die rewolwer buitgemaak is, ontvlug die rowers in the Toyota. Nie lank daarna nie is die voertuig deur adjudant-offisier Prinsloo-Pollock voorgekeer. Die resultaat was dat een of meer van die appellante skote op Prinsloo-Pollock gevuur het. Hy is deur een van die skote in sy been getref en het teruggevuur, maar sy dienspistool het onklaar geraak. Een van die appellante stap toe na die gewonde Prinsloo-Pollock en eis sy dienspistool. Hy gee gehoor waarna die persoon 'n pistool teen sy kop druk en twee keer die sneller trek. Gelukkig verseg die pistool om te vuur. Daarna verwyder van die appellante 'n R1-geweer en ammunisie uit sy voertuig.

Beide die oorledene en Mokwalasi het gedurende 1987 beswyk. Dit, en die gebeure hierbo

geskets, het meegebring dat die appellante in die Transvaalse Provinsiale Afdeling op 'n reeks aanklagte tereg gestaan het. Hulle is naamlik aangekla van moord op die oorledene en Mokwalasi (aanklagte 3 en 5); diefstal van die Toyota (aanklag 1); roof van die voornoemde bedrag en rewolwer in die bank (aanklag 2); poging tot moord op Ndluvu (aanklag 4); poging tot moord op Prinsloo-Pollock (aanklag 6); diefstal van vuurwapens en ammunisie uit die besit van Prinsloo-Pollock (aanklag 7), wederregtelike besit van 'n aantal vuurwapens (aanklag 8), en wederregtelike besit van ammunisie (aanklag 9). Hulle is ook aangekla van 'n verdere beweerde misdaad wat egter nie direk met bogenoemde gebeure verband gehou het nie, nl ontsnapping uit bewaring (aanklag 10).

Al die appellante is skuldig bevind op aanklagte 2, 3, 4 en 6. Op aanklag 7 is slegs die eerste appellant skuldig bevind en ook net aan diefstal van die pistool. Betreffende aanklagte 8 en 9, is

elke appellant aanspreeklik bevind ten opsigte van die wederregtelike besit van een of meer vuurwapens en 'n hoeveelheid ammunisie. Slegs die vierde appellant is op aanklag 10 skuldig bevind.

Op aanklag 5 is al die appellante skuldig bevind aan poging tot moord. Die verhoorhof kon naamlik nie buite redelike twyfel konkludeer dat Mokwalasi se dood in 1987 te wyte was aan die skietwond wat hy in die bank opgedoen het nie.

Wat aanklag 3 betref, het die skuldigbevinding aan moord daarop berus dat al vyf appellante die moontlikheid voorsien het dat iemand tydens die rooftog noodlottig verwond kon word en onverskillig teenoor die intrede van hierdie gevolg gestaan het, asook dat die oorledene se dood kousaal na sy skietwond teruggevoer kon word. By gebreke aan 'n bevinding dat versagende omstandighede bestaan het, is al die appellante gevolglik ter dood veroordeel.

Op die oorblywende aanklagte is elk van die

appellante ten opsigte van elke klag waarop hy skuldig bevind is tot tronkstraf gevonniss. Sekere gedeeltes van die onderskeie vonnisse is samelopend gemaak. Dit is slegs nodig om te meld dat die appellante effektief en kumulatief soos volg gevonniss is: eerste appellant 54 jaar; tweede appellant $48\frac{1}{2}$ jaar; derde appellant $48\frac{1}{2}$ jaar; vierde appellant $56\frac{1}{2}$ jaar, en vyfde appellant $55\frac{1}{2}$ jaar.

h Aansoek om verlof om teen hul vonnisse en sommige van hul skuldigbevindings te appelleer is deur die verhoorregter afgewys. h Soortgelyke aansoek na hierdie hof was egter gedeeltelik suksesvol. Die appellante het naamlik verlof verkry om te appelleer teen hul skuldigbevindings aan moord op die oorledene asook teen meeste van hul vonnisse, insluitende die doodvonnisse. Aangaande die skuldigbevindings is verlof egter verleen slegs ten opsigte van die vraag "of die verlangde oorsaaklikheidsverband tussen die skietwond deur die oorledene op 19 November 1986

opgedoen, en sy dood op 7 Junie 1987, bewys is."

Dit is dus nodig om uit te wei oor die aard van die oorledene se skietwond en die oorsaak, of oorsake, van sy uiteindelijke dood. Die koeël het hom hoog tussen sy skouerblaie getref en het senuweebeskadiging meegebring. Dit het tot gevolg gehad dat hy geen vorm van sensasie onder die vlak van sy tepellyn ondervind het nie. Bowendien kon hy geen spierbeheer onder die vlak van sy laaste rib uitoefen nie. By sy opname in die hospitaal kort na die rooftog het sy blaas en rektum dus nie gefunksioneer nie. Kortom, hy was 'n parapleeg.

Niks kon gedoen word om die senubeskadiging te herstel nie, en behandeling in die hospitaal was dus hoofsaaklik gerig op verbetering van die oorledene se asemhaling. So bv is deur longterapie slym uit sy longe verwyder. Voorts is 'n inblywende kateter in sy blaas geplaas.

Aanvanklik is die oorledene in 'n bed verpleeg

totdat sy longprobleme opgelos was 'en sy bloedvaatstelsel gestabiliseer het. Hy was onder behandeling van 'n ortopediese chirurg, dr Louw, wat by die verhoor getuig het. Volgens dr Louw het die oorledene se algemene toestand teen die einde van November 1986 sodanig verbeter dat op 1 Desember 'n aanvang met 'n sogenaamde spinale rehabilitasieprogram gemaak kon word. Hy is van vooraf geleer om te urineer en 'n stoelgang te passeer, terwyl hy ook in rolstoelvaardigheid onderrig is. Aangesien voorkoming van druksere in die geval van 'n parapleeg baie belangrik is, is die oorledene veral geleer hoe om hom self te draai en van tyd tot tyd vanaf die sitvlak van 'n rolstoel op te lig ten einde die druk op drukpunte te versprei. Dit was ook nodig om na die oorledene se psige om te sien omdat hy in 'n depressiewe toestand was - 'n toestand waarin feitlik alle paraplege aanvanklik verkeer. In die geval van die oorledene was die depressiewe fase egter besonder erg en langdurig en 'n ommekeer het eers begin

Februarie 1987 plaasgevind. Daarna het die rehabilitasie sneller gevorder totdat die oorledene op 19 Februarie in 'n rolstoel uit die hospitaal ontslaan is.

Na sy ontslag het die oorledene weer by Eerste Nasionale Bank begin werk - in welke hoedanigheid en tot presies wanneer, blyk nie. Op 20 Maart 1987 is hy as buite-pasient ondersoek. Hy het toe gepresenteer as 'n goed gerehabiliteerde parapleeg en het gerapporteer dat hy tuis en by sy werk goed aangepas het. Op 31 Maart, d w s elf dae later, is die appellant egter weer in die hospitaal opgeneem. Op daardie stadium het hy erge druksere en septicemie gehad. Dr Louw verduidelik dat indien 'n normale persoon te lank in een posisie sit, pyn of ongemak hom van posisie laat verander. 'n Parapleeg soos die oorledene ondervind egter geen waarskuwingstekens in die onderste gedeelte van sy liggaam nie en indien hy te lank in een posisie bly sit, word druksere veroorsaak. Die rede is dat bloedvoorsiening na 'n drukpunt sodanig verminder dat

dooie weefsel gevorm word. Dit kan dan lig gebeur dat infeksie intree en septisemie ontwikkel. Organismes kan naamlik by die drukseer of -sere die bloedstroom binnedring. Sodra die sirkulerende organismes begin afbreek, tree septisemie in. Die sirkulerende organismes en toksiene kan omtrent al die persoon se organe aantas en die septisemie kan so erg word dat medies niks meer vir die persoon gedoen kan word nie.

Dr Louw getuig ook dat die appellant by heropname in die hospitaal baie depressief was. Hy is uitgevra na die oorsaak van die druksere maar "kon ons nie presies antwoord nie". Hy het wel gesê dat hy sy bes gedoen het. Die oorledene en sy familie is voor sy ontslag behoorlik ingelig oor die gevare verbonde aan die ontwikkeling van druksere. So bv het die oorledene geweet dat druksere tot komplikasies kon lei en selfs 'n noodlottige gevolg kon hê. Die getuie was van mening dat die oorledene reeds voor sy heropname weer in 'n depressiewe toestand verval het en dat dit

die rede was waarom hy nie behoorlike selfsorg toegepas het nie. (Hy sê dat h drukseer binne enkele ure kan ontstaan as h persoon op h harde oppervlakte sit sonder om van posisie te verander.) Die oorsaak van die hernude depressie, aldus die getuie, was die omstandighede waaronder die oorledene tuis oor die weg moes kom; so bv dat hy nie by sy huis kon kom sonder om met die rolstoel deur sand te ry nie, en dat sy huis nie h binne-toilet gehad het nie.

Na heropname is die appellant intensief behandel. Ten spyte daarvan het hy agteruit gegaan en het die septisemie mettertyd feitlik al sy organe aangetas. As gevolg van die oorweldigende septisemie - wat terug te voer was na die drukseer - is hy op 7 Junie 1987 oorlede.

Die enigste getuie wat persoonlike kennis gehad het van die omstandighede waarin die oorledene hom na sy ontslag uit die hospitaal bevind het, was die oorledene se moeder. Sy sê dat die oorledene na sy

ontslag in 'n tweekamerwoning buite Rustenburg gewoon het. Die huis het nie 'n binne-toilet gehad nie en buite was die oppervlakte sand. Die oorledene het derhalwe nooit van die kommunale buite-toilet gebruik gemaak nie, maar wel van 'n kamerpot. Die getuie het daaglik by die oorledene gekom en sy en die oorledene se vrou het hom gereeld omgedraai en verskuif sodat hy nie sere moes kry nie. Gevra of die oorledene homself ook beweeg het, antwoord die getuie: "Hy het probeer".

Volgens die oorledene se moeder het hy na sy ontslag uit die hospitaal nie "lank" by Eerste Nasionale Bank gewerk nie. Die rede, aldus die getuie, was dat hy oor pyn gekla het wanneer hy terug van die werk by die huis kom en dat hy algaande al hoe swakker geword het. Toe sy moeder besef het dat die oorledene "ernstiger" word, het sy hom na die hospitaal laat neem.

Blykbaar is die vraag of daar 'n kousale verband, of 'n voldoende sodanige verband, bestaan het

tussen die skietwond wat die oorledene opgedoen het en sy dood meer as 6 maande later, nie by die verhoor pertinent in geskil gestel nie. Nadat dr Louw se getuienis behandel is, het die verhoorhof gevolglik kortweg bevind dat die oorledene se dood veroorsaak is deur die beserings wat hy opgedoen het toe hy tydens die rooftog in die rug geskiet is. Wat die aanspreeklikheid van die appellante betref, is voorts bevind dat dit ontersaaklik was of hulle "die presiese mediese verloop van die pasiënt se toestand voorsien het."

Ter aanvegting van die skuldigbevindings op die moordklag het die appellante se advokate betoog dat hoewel die skietwond wat die oorledene opgedoen het h oorsaak van sy dood was, dit nie regtens daardie gevolg veroorsaak het nie. Alvorens hierdie betoog van nader beskou word, moet eers vasgestel word waaraan die oorledene beswyk het en wat die onmiddellike oorsaak of oorsake daarvan was.

Na sy heropname is die oorledene deur h

aantal geneeshere, onder leiding van dr Louw, besoek en behandel. Alhoewel dit nie duidelik is dat dr Louw altyd uit eersterangse kennis getuig het nie, val die volgende nie te betwyfel nie: die oorledene het gesterf weens oorweldigende septicemie wat terug te voer was na infeksie wat in drukserie ontstaan het. Hierdie slotsom is dan ook deur die appellante se advokate aanvaar. Wat het egter meegebring dat die drukserie gevorm het?

Dit is nooit uitgespel wat die lokaliteit van die drukserie was nie. Ten koste van herhaling moet egter op die volgende gewys word. Gevra om 'n omskrywing van die oorledene se drukserie te gee, het dr Louw gesê dat indien 'n normale persoon te lank in een posisie sit, pyn of ongemak op 'n drukpunt hom tot verskuiwing dwing. By kontras ondervind 'n parapleeg geen waarskuwingstekens nie. Hy het ook gesê dat die oorledene veronderstel was om self sy drukpunte te kon "versorg", en die mening uitgespreek dat hy dit nie

gedoen het nie omdat hy voor heropname in 'n toestand van depressie verval het.

Daar was in die getuienis nooit sprake van bedsere in teenstelling tot druksere nie. Selfs al sou eersgenoemde soort sere kon gevorm het indien bv iemand nie gesorg het dat die oorledene wanneer hy slaap van tyd tot tyd gedraai word nie, is die enigste redelike afleiding uit dr Louw se getuienis dat die oorledene die druksere kon verhoed het deur self van posisie te verander. Indien nou voorts gelet word op die getuie se verwysing na die gebrek aan sensasie wat 'n parapleeg ondervind indien hy te lank in een posisie sit, moet myns insiens aanvaar word dat die oorledene se druksere op sy sitvlak gevorm het omdat hy versuim het om hom in sy rolstoel genoegsaam te verskuif.

Dr Louw se mening dat depressie die druksere voorafgegaan het, word egter nie buite redelike twyfel deur die getuienis onderskraag nie. Dit blyk eerstens nie of die getuie die oorledene gesien het onmiddellik

na sy heropname of moontlik eers 'n paar dae later nie. Maar selfs al was eersgenoemde die geval, kon hy slegs waargeneem het dat die oorledene op daardie stadium in 'n depressiewe toestand verkeer het. Al wat 'n mens dan weet, is dat die depressie en drukere tussen 20 en 31 Maart 1987 ontstaan het. Dr Louw se voornoemde mening berus slegs op die "erkende feit" dat wanneer 'n parapleeg depressief raak hy sy selfsorg verwaarloos. 'n Persoon in so 'n toestand tree nie nalatig op nie, sê die getuie, want die noodsaaklikheid van selfsorg dring nie meer tot hom deur nie.

Dat die hernude depressie die drukere voorafgegaan het, is sekerlik moontlik en selfs waarskynlik. Die redelike moontlikheid dat die oorledene se sere terug te voer is na blote onagsaamheid van hom terwyl sy geestestoestand nog normaal was, kan egter nie uitgesluit word nie. Die depressiewe toestand kon dan ingetree het toe sy gestel vanweë die infeksie aangetas is of toe hy besef het

dat hy weer in die hospitaal opgeneem sou moes word;
in beide gevalle dus voor heropname.

Weliswaar getuig die oorledene se moeder dat sy en sy vrou hom kort-kort omgedraai het sodat hy nie moes bedsere kry nie en dat hy hom ook "probeër" beweeg het, maar hierdie getuienis slaan klaarblyklik op tye wanneer die oorledene tuis op sy bed gelê het. Die getuie kon vanselfsprekend nie sê welke selfsorg die oorledene toegepas het terwyl hy nog in 'n sittende posisie in sy rolstoel gewerk het nie. Ten gunste van die appellante moet dus aanvaar word dat die druksere gevorm het weens die oorledene se nalatige versuim om ooreenkomstig mediese instruksies gereeld van sitposisie in sy rolstoel te verander.

Ek kom dan by die vraag of, in die lig van al die gebeure, die skietwond regtens die oorsaak van die dood van die oorledene was. Dat dit wel 'n conditio sine qua non was, val nie te betwyfel nie. Hierdie hof het egter reeds bevind dat feitlike veroorsaking

nie altyd voldoende is om die handeling die dader as regsoorsaak van die gevolg toe te reken nie. In Minister of Police v Skosana 1977 (1) SA 31 (A) 34, waarin deliktuele aanspreeklikheid ter sprake was, het Corbett AR die volgende gesê:

"Causation in the law of delict gives rise to two rather distinct problems. The first is a factual one and relates to the question as to whether the negligent act or omission in question caused or materially contributed to ... the harm giving rise to the claim. If it did not, then no legal liability can arise and *cadit quaestio*. If it did, then the second problem becomes relevant, viz. whether the negligent act or omission is linked to the harm sufficiently closely or directly for legal liability to ensue or whether, as it is said, the harm is too remote. This is basically a juridical problem, in which considerations of legal policy may play a part."

In S v Daniëls en 'n Ander 1983 (3) SA 275 (A)

331, 'n strafappèl, het Jansen AR hom soos volg uitgelaat:

"Daar kan weinig twyfel bestaan dat in ons regspraak die bepaling van 'feitelike' oorsaaklike verband op die grondslag van die *conditio sine qua non* geskied ... Sonder

sodanige verband tussen die dader se handeling en die beweerde, gewraakte gevolg is daar in die algemeen geen aanspreeklikheid nie. Aan die ander kant is dit ook duidelik dat 'n dader nie aanspreeklik gestel behoort te word vir alle gevolge waarvan sy handeling 'n conditio sine qua non is nie - sy aanspreeklikheid sou dan te wyd strek en die grense van redelikheid, billikheid en regverdigheid oorskry. Beleidsoorwegings verg dat iewers 'n grens gestel moet word."

Alhoewel sommige skrywers van mening is dat, wat oorsaaklikheid betref, die conditio sine qua non toets voldoende is, en dat aanspreeklikheid afdoende beperk word deur die addisionele vereistes van skuld en wederregtelikheid, gee hulle gewoonlik aan laasgenoemde begrippe 'n ander betekenis of trefwydte as wat dié normaalweg dra. Meeste skrywers gaan egter akkoord dat naas die genoemde toets 'n verdere afgrensingsmaatstaf nodig is om juridiese kousaliteit te bepaal.

In die regspraak en die literatuur - hier te lande en in die buiteland - is daar dan ook voorstanders van 'n reeks kriteria vir die bepaling van

juridiese kousaliteit; so bv die afwesigheid van 'n novus actus interveniens, "proximate cause", "direct cause", voorsienbaarheid en adekwate veroorsaking.

Sien o a Snyman, Strafreg, 2de uitg, pp 64-69; De Wet en Swanepoel, Strafreg, 4de uitg, pp 63-64; Hunt, South African Criminal Law and Procedure, band 2, pp 344-345; Van Oosten, 1983 De Jure 36 e v; Gordon, Criminal law, 2de uitg, pp 108-112; Hazewinkel-Suringa, Inleiding tot de Studie van het Nederlandse Strafrecht, 8ste uitg, pp 125-130; Neethling, Potgieter en Visser, Deliktereg, pp 156-172; en Van der Walt, Delict: Principles and Cases, pp 98-102.

Die voorstanders van die verskillende kriteria het dit in gemeen: 'n handeling wat 'n conditio sine qua non van 'n gevolg is, kan te ver verwyderd van die gevolg wees om regtens as oorsaak daarvan beskou te word.

Hulle meen egter dat 'n maatstaf waarvolgens 'n genoegsame noue verband tussen die dader se handeling en die gevolg vereis word, te vaag is. Vandaar die

soeke na meer eksakte kriteria.

Dit spreek vanself dat 'n elastiese maatstaf sy nadele het. Dit het egter ook sy voordele. So bv sê Gordon, op cit, p 109:

"Remoteness is at once the most difficult and the most useful of the causal criteria, because it is the vaguest."

Ek betwyfel dan ook of 'n regstelsel sonder 'n oorheersende elastiese maatstaf vir die bepaling van juridiese oorsaaklikheid kan klaarkom. Soos blyk uit die passasies wat hierbo uit Skosana en Daniëls aangehaal is, kom beleidsoorwegings ter sprake en moet daarteen gewaak word dat 'n dader se aanspreeklikheid nie die grense van redelikheid, billikheid en regverdigheid oorskry nie. Sodanige oorwegings en begrippe is moeilik vatbaar vir nadere omskrywing. Dit is daarom, meen ek, dat in Blaikie and Others v. The British Transport Commission 1961 SC 44 op 49, gesê is:

"The law has always had to come to some

kind of compromise with the doctrine of causation. The problem is a practical rather than an intellectual one. It is easy and usual to bedevil it with subtleties, but the attitude of the law is that expediency and good sense dictate that for practical purposes a line has to be drawn somewhere, and that, in drawing it, the court is to be guided by the practical experience of the reasonable man rather than by the theoretical speculations of the philosopher."

Daar is nog 'n verdere rede waarom nie een van die (oënskynlik) meer konkrete kriteria in alle gevalle bevredigend toegepas kan word nie. Oorwegings wat ter sprake kom by die bepaling van juridiese oorsaaklikheid as een van die vereistes van regs aanspreeklikheid, mag naamlik van een regsgebied tot 'n ander verskil. Soos Gordon, op cit, p 104, dit stel:

"The 'legal cause' is only the legally significant factual cause, and even the legal cause may vary from one branch of the law to another. A may be regarded as having caused a particular injury for the purposes of determining that he is liable to pay damages in delict to the injured person, but it does not follow that he would be regarded as having caused the injury for the purpose of determining whether he is liable to criminal punishment in respect of the occurrence."

(Sien ook Glanville Williams, (1961)

Cambridge Law Journal p 63.)

Wat die onderskeie kriteria betref, kom dit my ook nie voor dat hulle veel meer eksak is as 'n maatstaf (die soepele maatstaf) waarvolgens aan die hand van beleidsoorwegings beoordeel word of 'n genoegsame noue verband tussen handeling en gevolg bestaan nie. Daarmee gee ek nie te kenne nie dat een of selfs meer van die kriteria nie by die toepassing van die soepele maatstaf op 'n bepaalde soort feitekompleks subsidiêr nuttig aangewend kan word nie; maar slegs dat geen van die kriteria by alle soorte feitekomplekse, en vir die doeleindes van die koppeling van enige vorm van regs aanspreeklikheid, as 'n meer konkrete afgrensingsmaatstaf gebruik kan word nie.

In die onderhawige geval moet bepaal word of die toediening van die skietwond as regsoorsaak van die oorledene se dood beskou moet word vir doeleindes van

toerekening van strafregtelike aanspreeklikheid. n Mens het egter met n bepaalde soort geval te doen, nl een waarin die slagoffer se nalate die onmiddellike oorsaak van sy dood was. Die kwessie is nou of so n nalate kan meebring dat vir bogenoemde doeleindes n te ver verwyderde verband tussen die dader se handeling en die slagoffer se dood bestaan. Indien nie, vanselfsprekend cadit quaestio. Met die oog op die feite van hierdie appèl kan die vraag soos volg verfynd word: Is die dader se handeling ("die verwonding"), wat n feitlike oorsaak van die dood van die slagoffer is, ook die regsoorsaak daarvan indien (i) die slagoffer versuim het om mediese bystand te verkry, behandeling te ondergaan of instruksies na te kom en (ii) daardie versuim die onmiddellike oorsaak van sy dood was? (Ten einde herhaling te vermy, verwys ek voortaan na n versuim wat aan (i) en (ii) voldoen kortweg as n versuim van die slagoffer. Om dieselfde rede gebruik ek soms n frase soos "verbreking van die

kousale ketting" ter aanduiding van 'n situasie waarin 'n tussengebeurtenis meebring dat 'n conditio sine qua non nie as regsoorsaak van die gevolg geld nie.)

Bogenoemde vraag het nog nie dikwels in ons regspraak opgeduik nie. In Rooi v R 1952 (2) PH H119 (T), het 'n toordokter 'n vertraagde meisie nalatiglik 'n aantal brandwonde toegedien. 'n Geneesheer het die meisie se moeder aangeraai om haar na 'n hospitaal te neem, maar sy het geweier om dié advies te volg. Daarna het die meisie vanweë die wonde beswyk. Die toordokter het later op 'n aanklag van strafbare manslag tereg gestaan. Namens hom is by sy verhoor betoog dat hy nie aanspreeklik was nie in die lig van mediese getuienis dat, indien die moeder bogenoemde advies gevolg het, daar 'n redelike moontlikheid was dat die meisie sou herstel het.

Hierdie betoog is deur die hof verwerp en die toordokter is skuldig bevind aan strafbare manslag. Die grondslag van die beslissing was kortweg dat die

toediening van die brandwonde 'n oorsaak van die meisie se dood was (conditio sine qua non), en dat geen gesag aangehaal is vir die stelling dat die moeder se nalate die toordokter van aanspreeklikheid vir daardie doodsveroorsaking onthef het nie. In Rooi was natuurlik nie 'n versuim van die slagoffer ter sprake nie, maar wel 'n nalate van die moeder van die vertraagde meisie. Dit kom egter nie voor dat die uitspraak anders sou gewees het nie indien die meisie nie vertraag was nie en self geweier het om die geneesheer se advies te volg.

In R v Loubser 1953 (2) PH H190 (W), het die beskuldigde 'n Swart man, Pieter, met 'n kierie aangerand. Dit het o a 'n oop wond op Pieter se kop veroorsaak. Laasgenoemde se werkgeefster het hom aangeraai om die wond in 'n hospitaal te laat versorg maar hy het versuim om sulks te doen. Die wond het septies geword en klem-in-die-kaak het gevolg. Laasgenoemde toestand was die onmiddellike oorsaak van

Pieter se dood nege dae na die aanranding.

Rumpff R het beslis dat die beskuldigde wel skuldig aan strafbare manslag was. Hy het aanvaar dat 'n beskuldigde nie aanspreeklik gehou kan word nie "vir iedere voorwaarde wat aanleiding gee tot die ingetrede gevolg", en dat daar êrens 'n beperking gelê moet word. Hoewel hy dit nie as moontlik beskou het nie om 'n omskrywing vas te lê wat vir alle gevalle geldig is, het hy tog die mening uitgespreek dat "n bepaalde handeling in die reg alleen dan 'n oorsaak van 'n gevolg is wanneer, volgens menslike ondervinding, die moontlikheid in aanmerking geneem moet word dat uit die handeling die gevolg sou kon ontwikkel."

Die beknopte Prentice Hall-verslag maak dit nie heeltemal duidelik hoe Rumpff R hierdie kriterium op die feite toegepas het nie. Die opsomming van sy beslissing lui soos volg:

"Die advies wat Pieter se werkgeefster aan hom gegee het was nie bevoegde mediese advies nie, en die mediese getuienis het

aangedui dat die tetanus-kiem in enige wond kon kom, veral in 'n wond wat diep is en wat in 'n vuil toestand gelaat word. Dit is dus iets wat volgens menslike ondervinding kan ontstaan na die toebrenging van 'n wond sonder dat daar nalatigheid bykom of hoef by te kom, wat die oorsaak sou wees van die introduksie van die tetanus-kiem."

Dit kom my voor dat volgens die bevinding van Rumpff R Pieter nie nalatiglik versuim het om die wond in die hospitaal te laat versorg nie, en dat die introduksie van die tetanuskiem ook nie andersins aan sy nalatigheid toegeskryf kon word nie. Hoe dit ook al sy, die beslissing bied nie steun vir die standpunt dat 'n versuim van die slagoffer uit 'n kousale oogpunt altyd irrelevant is nie.

In S v Taylor 1967 (2) PH H301 (SWA), is die beskuldigde skuldig bevind aan moord. Hy het die oorledene 'n borswond toegedien wat bloeding in die borskas veroorsaak het. Laasgenoemde was vir twee of drie dae in die hospitaal waarna hy, in stryd met mediese advies, op eie versoek ontslaan is. 'n Paar dae

later is hy weer in die hospitaal opgeneem en kort daarna het hy beswyk. Die mediese oorsaak van sy dood was massiewe bloeding in sy borsholte. Dit was afkomstig van 'n bloedklont wat aan die binnekant van die borswond gevorm het. 'n Medikus het getuig dat hoewel die oorledene in die hospitaal minder blootgestel sou gewees het aan stampe of stote wat die bloedklont kon "verskuif" het, sy kans op herstel binne of buite die hospitaal ewe goed was, en dat hernude bloeding baie keer spontaan plaasvind.

Die kriptiese opsomming van Muller R se beslissing lui soos volg:

"Die wond wat die oorledene opgedoen het was die oorsaak van die dood. Die bloeding wat die dood veroorsaak het, het gekom van die wond voordat die bloedklont, wat gevorm het, behoorlik genees het. Daar is geen bewys van enige nuwe oorsaak nie."

Soos ek hierdie opsomming begryp, het Muller R bevind dat daar nie 'n voldoende aanduiding was dat die oorledene se versuim om ooreenkomstig geneeskundige

advies in die hospitaal te bly die hernude bloeding veroorsaak het nie. Weer eens bied die beslissing dus nie steun vir die hierbo genoemde standpunt nie.

h Mate van sodanige steun kan egter wel geput word uit die beslissing van Beadle R in R v Mubila 1956 (1) SA 31 (SR). Die beskuldigde het die oorledene h meswond toegedien. Dit het sy long binnegedring. Nadat hy in h hospitaal opgeneem is, het h verpleegster hom aangesê om stil in sy bed te bly lê. Die oorledene het egter hierdie instruksie verontagsaam. Hernude bloeding het plaasgevind en die oorledene het as gevolg daarvan gesterf. h Geneesheer, wie se getuienis deur die hof aanvaar is, het getuig dat dié bloeding op sy beurt waarskynlik die gevolg was van die oorledene se versuim om in sy bed te bly. (Hy het inteendeel opgestaan en rondgeloop.) Die geneesheer was egter ook van mening dat al sou die oorledene nie die instruksie verontagsaam het nie, sy kanse op oorlewing minder as 50 persent was.

Die beskuldigde se advokaat het betoog dat die werklike oorsaak van die oorledene se dood nie die steekwond was nie, maar wel sy onredelike versuim om stil te bly lê. Die regter het egter dié betoog verwerp en die beskuldigde aan strafbare manslag skuldig bevind. Met 'n beroep op Gardiner and Lansdown, South African Criminal Law and Procedure, 5de uitg, band 2, p 1410, het Beadle R gesê (op p 33) "there is no obligation on an injured complainant to obtain medical assistance and thus attempt to alleviate the gravity of the wound inflicted upon him". Daarna het hy soos volg voortgegaan:

"Similarly it seems to me that there can be no obligation upon him to follow rigidly all the advice given by his medical advisers if he does seek that assistance, and provided that in disregarding that advice he does not introduce some new danger which would not have existed had advice never been taken at all, his failure to follow that advice cannot be a factor which can avail the accused in any argument that the original injury was not the cause of death."

Vanselfsprekend het daar nie 'n regsplig op

die oorledene gerus om die genoemde instruksie na te kom nie, maar dit is nie vir my duidelik waarom die afwesigheid van sodanige plig in sigself in die weg sou staan van 'n konklusie dat, weens die oorledene se versuim, die steekwond nie regtens sy dood veroorsaak het nie. Dit kom my egter voor dat die regter in 'n latere gedeelte van sy uitspraak die trefwydte van die aangehaalde passasie gekwalifiseer het. Dit het gebeur nadat Van der Linde 2.5.4, waarop die beskuldigde se advokaat gesteun het, aangehaal is. Op die bewuste plek trek Van der Linde 'n onderskeid tussen wonde wat volstrek, en dié wat slegs toevalliglik, dodelik is. Eersgenoemde is wonde waaraan elke persoon, of 'n persoon met die gestel van die slagoffer, in die gewone loop van sake sal sterf. Tree die dood wel in, is die dader skuldig aan doodslag. Dit is egter anders indien die wond slegs toevalliglik dodelik is en die dood van die slagoffer te wyte is aan sy "moedwil of onvoorzigtigheid".

Ten aansien van die toepaslikheid van Van der Linde se standpunt, het Beadle R die volgende gesê (op p 33):

"In this case, however, the wound was intrinsically dangerous and likely to cause death... The deceased's act was *per se* a normal and harmless one. In these circumstances I cannot see that the deceased's failure to follow medical advice and remain immobile can be regarded as a sufficient *novus actus interveniens* to break the chain of causation between the blow and the death."

Om uit h bed op te staan en rond te loop, mag in die reël normale en onskadelike gedrag wees, maar in die lig van die erns van die oorledene se toestand en die verpleegkundige instruksie wat hy gekry het, kan sy versuim om in die bed te bly nouliks as objektief redelik beskou word. Hoe dit ook al sy, dit kom my voor dat Beadle R nie die moontlikheid uitgesluit het dat h onredelike versuim van h slagoffer vir doeleindes van strafregtelike aanspreeklikheid die kousale ketting tussen verwonding en dood kan verbreek nie.

Gardiner and Lansdown, op cit, p 1410, waarop

Beadle R voortgeborduur het, het hul standpunt hoofsaaklik op R v Holland (1841) 2 Moo and R 361, gefundeer. Nou is dit so dat in die Engelse regspraak n versuim van die slagoffer nagenoeg konsekwent as irrelevant uit n kousale oogpunt beskou is, selfs indien die wond nie in sigself lewensgevaarlik was nie. Sien bv Hart and Honore, Causation in the Law, Sde uitg, p 287. Sover ek kon nagaan, is die jongste tersaaklike gewysde R v Blaue (1975) 3 All E R 446. n Agtienjarige meisie is vier steekwonde deur die appellant toegedien. Sy is in n hospitaal opgeneem waar n chirurg besluit het dat n operasie op haar uitgevoer moes word. Omdat sy egter heelwat bloed verloor het, was n bloedoortapping noodsaaklik alvorens snykundig ingegryp kon word. Daartoe was die meisie nie bereid nie. Sy was naamlik n Jehovasgetuie en n bloedoortapping sou teen haar godsdienstige opvatting indruis. Sy het volhard in haar weiering selfs nadat

sy meegedeel is dat by gebreke aan 'n operasie sy sou sterf. Sy het dan ook inderdaad gesterf.

By die verhoor van die appellant was dit gemene saak dat die wonde feitlik die meisie se dood veroorsaak het, maar ook dat indien sy 'n bloedoortapping ondergaan het sy nie sou gesterf het nie. Die appellant is nietemin skuldig bevind aan strafbare manslag (die rede waarom hy nie aan moord skuldig bevind is nie, is nie ter sake nie). Op appêl is aangevoer dat die verhoorregter die jurie aangaande oorsaaklikheid verkeerd voorgelig het. In besonder is betoog dat indien die meisie se weiering om 'n bloedoortapping te ondergaan onredelik was, die kousale ketting tussen die appellant se aanval op die meisie en haar dood verbreek sou gewees het. Hierdie betoog is deur die Court of Appeal verwerp. Nadat Lawton LJ retories gevra het volgens welke standaard die al of nie redelikheid van godsdienstige oortuigings beoordeel moes word, het hy soos volg voortgegaan (op p 450):

"It has long been the policy of the law that those who use violence on other people must take their victims as they find them. This in our judgment means the whole man, not just the physical man. It does not lie in the mouth of the assailant to say that his victim's religious beliefs which inhibited him from accepting certain kinds of treatment were unreasonable. The question for decision is what caused her death. The answer is the stab wound. The fact that the victim refused to stop this end coming about did not break the causal connection between the act and death."

Met die eerste oogopslag skep hierdie passasie die indruk dat h beskuldigde in h strafsak hom nooit daarop kan beroep dat h versuim van die slagoffer, selfs h onredelike een, die kousale ketting verbreek het nie. Dit mag egter wees dat Lawton LJ slegs te kenne wou gee dat h versuim, gegrond op godsdienstige oortuiging, nie as onredelik beskou kan word nie. Hart and Honore, op cit, p 361, sê dan ook:

"Despite R v Blaue ... there remains a case for the proposition that an unreasonable refusal of treatment may negative causal connection between the infliction of a wound and the death which the treatment would have prevented."

Suid-Afrikaanse skrywers wat hul spesifiek wend tot die vraag onder bespreking, meen dat nalatige of onredelike versuim van die slagoffer kan meebring dat die dader nie strafregtelik vir daardie gevolg aanspreeklik gehou kan word nie. Snyman, op cit, p 77, is van mening dat waar die wond nie van 'n ernstige aard is nie (d.w.s., nie in elk geval, met geneeskundige behandeling, die dood sou teweeggebring het nie), en die slagoffer hom op onredelike wyse teen geneeskundige behandeling of advies verset, daar geen oorsaaklike verband tussen die verwonding en die slagoffer se dood behoort te wees nie. As 'n voorbeeld van 'n onredelike verset noem die outeur 'n slagoffer se weiering, weens godsdienstige redes, om 'n bloedoortapping wat sonder twyfel sy lewe kan red, te ondergaan. Van Oosten, Oorsaaklikheid by Mediese Behandeling as Tussenfaktor in die Suid-Afrikaanse Strafreë, E.M. Hamman - Gedenkbundel, pp 173 ev, huldig

n soortgelyke mening, hoewel dit vir hom gaan om die vraag of die slagoffer se gedrag verhoed dat daar n wederregtelikhedsverband tussen die verwonding en die dood is. Hy sê (op p 204):

"Waar die beserings wat die beskuldigde die slagoffer toegedien het, ernstig of gevaarlik is sonder dat dit noodwendig dodelik is, sal die bestaan al dan nie van n wederregtelikhedsverband daarvan afhang of die weiering van die slagoffer om mediese behandeling te ondergaan of sy verontagsaming van mediese advies objektief onredelik was al dan nie."

Hunt, op cit, pp 351-2, se standpunt kan soos volg saamgevat word:

1) Indien die wond nie intrinsiek gevaarlik is nie, konstitueer n versuim van die slagoffer n novus actus mits, met inagneming van sy omgewing, die versuim beskou kan word as (grof?) nalatig of abnormaal en dit in sigself sy dood verhaas.

2) Dieselfde mag geld selfs indien die wond intrinsiek gevaarlik is, maar nie indien dit dodelik is nie.

Hunt meen ook dat indien h opgevoede slagoffer weens godsdienstige redes weier om h bloedoor-tapping te ondergaan, en so h oortapping sy lewe sou red, sy weiering as h novus actus ten opsigte van sy dood beskou moet word.

Bostaande oorsig toon aan in welke verskeidenheid van gevalle h versuim van h slagoffer tot sy dood kan bydra, en hoe menings verskil oor die vraag of so h versuim die kousale ketting tussen die verwonding en die slagoffer se dood verbreek. Die rede vir die verskil van mening lê voor die hand. Soos reeds telkens aangedui, is die uiteindelijke vraag of daar h genoegsame noue verband tussen die dader se handeling en die gevolg bestaan. Hierdie maatstaf is so elasties dat by sy toepassing op feitekomplekse, en bepaaldelik dié waarin h versuim van die slagoffer figureer, daar wel ruimte vir ingeligte meningsverskille is. Voorts is dit nie duidelik nie dat wanneer juriste dit het oor h nalatige of

onredelike versuim, hulle altyd dieselfde konsep in gedagte het. Moet die al of nie redelikheid van die slagoffer se versuim gemeet word aan 'n objektiewe standaard? Of is die toets relatief in die sin dat gevra moet word of, gegee sy omstandighede, eienskappe, oortuigings ensomeer, die slagoffer onredelik opgetree het?

Dit is nie moeilik nie om te dink aan gevalle waarin die versuim van die slagoffer so sterk op die voorgrond tree dat die verwonding as te ver verwyderd beskou moet word om as regsoorsaak van die dood te geld; anders gestel, gevalle waarin beleidsoorwegings verg dat strafregtelike aanspreeklikheid nie aan die conditio sine qua non as feitlike oorsaak van die gevolg geknoop word nie. Veronderstel byvoorbeeld dat A met moorddadige opset na B steek. Laasgenoemde koes en kry slegs 'n skrams snywond op sy arm. Infeksie tree egter in en B gaan spreek 'n geneesheer. Laasgenoemde gee hom 'n inspuiting en deel hom mee dat die

besondere soort infeksie slegs deur twee inspuitings beheer kan word. B word voorts gewaarsku dat hy binne 'n week 'n verdere inspuiting moet kry, by gebreke waaraan die infeksie lewensgevaarlik kan word. Desnieteenstaande verkies B, 'n uiterste maar onrealistiese optimis, om met vakansie te vertrek na 'n afgeleë oord waar daar volgens sy wete geen mediese fasiliteite beskikbaar is nie. Weens sy versuim om 'n tweede inspuiting binne die genoemde tydperk te laat toedien, ruk die infeksie onomkeerbaar hande uit. Hy sterf, maar deskundiges is dit eens dat indien hy die geneeskundige instruksie gevolg het, sy lewe glad nie in gevaar sou verkeer het nie.

In die gepostuleerde geval sou min, indien enige, juriste aanvaar dat A nogtans skuldig aan moord is. Hy het wel vir B wederregtelik verwond; hy het die direkte opset gehad om B te dood, en die verwonding was 'n conditio sine qua non van B se dood. Nietemin was B se versuim so onredelik en het dit so 'n onnodige

lewensgevaarlike toestand geskep dat die verwonding regtens nie in 'n genoegsaam noue samehang met B se dood staan nie.

Aan die ander kant van die skaal val die geval waarin B 'n gevaarlike wond, maar nie noodwendig 'n noodlottige een nie, toegedien word. 'n Redelike persoon in die plek van B sou die erns van die wond beseef en mediese bystand inroep. Vanweë sy primitiewe agtergrond en leefwyse dring dit egter nie tot B deur dat sy lewe moontlik in gevaar kan wees nie. Komplikasies tree in en B sterf. Dit blyk dan dat indien B wel 'n geneesheer geraadpleeg het, wat vir hom prakties moontlik was, hy nie sou gesterf het nie. Nieteenstaande B se nalatigheid - volgens 'n objektiewe standaard - sou meeste juriste waarskynlik nie huiwer om B se dood oorsaaklik aan A se handeling toe te reken nie.

Tussen, en waarskynlik ook aan weerskante van, bogenoemde gevalle kan 'n groot verskeidenheid

situasies voorkom waarin 'n versuim van die slagoffer die onmiddellike of 'n medewerkende oorsaak van sy dood is. Ek betwyfel dan ook of 'n reël geformuleer kan word wat in alle denkbare gevalle beslissend is; d w s, 'n reël aan die hand waarvan altyd bepaal kan word of 'n versuim van die slagoffer die oorsaaklikheidsverband tussen die verwonding en die slagoffer se dood vir doeleindes van strafregtelike aanspreeklikheid ophef. Te veel faktore kan 'n rol speel; soos byvoorbeeld die erns van die verwonding; die omstandighede, ontwikkelingspeil, oortuigings ens van die slagoffer; die mate waartoe die versuim objektief onredelik is, en selfs die tydsverloop tussen die verwonding en die slagoffer se dood.

In die lig van bostaande oorsig en voorbeelde meen ek nietemin dat die volgende kriterium nuttiglik in 'n aantal situasies aangewend kan word: In die reël is 'n dader se handeling wat 'n conditio sine qua non van die slagoffer se dood is, te ver verwyderd van die

gevolg om tot strafregtelike aanspreeklikheid daarvoor te lei indien i) 'n versuim van die slagoffer om mediese of soortgelyke advies in te win, behandeling te ondergaan of instruksies na te kom die onmiddellike oorsaak van sy dood was; ii) die verwonding nie in sigself lewensgevaarlik was nie of dit nie meer op die tersaaklike tydstip was nie, en (iii) die versuim relatief onredelik was, d w s onredelik ook met inagneming van eienskappe, oortuigings ens van die slagoffer. Daarmee gee ek nie te kenne dat indien een of meer van die vereistes nie bevredig is, die kousale ketting nie verbreek kan wees nie. Met die oog op die feite van hierdie appèl is dit egter onnodig om addisionele of meer uitputtende rigsoenere te probeer formuleer.

Indien bogenoemde kriterium nou in casu toegepas word, kan die verwonding van die appellant nie as regsoorsaak van die oorledene se dood vir die doeleindes van die derde aanklag beskou word nie. Ek

sê dit om die volgende redes:

1) Uit die getuienis kan afgelei word dat die wond aanvanklik lewensgevaarlik was in die sin dat, sonder mediese bystand, die oorledene waarskynlik daaraan sou beswyk het. Daardie attribuut van die wond is egter deur behandeling uit die weg geruim. Die gevolg was dat toe die oorledene uit die hospitaal ontslaan is, daar nie enige onmiddellike lewensgevaar bestaan het nie. Trouens, solank hy ooreenkomstig mediese instruksies druksere sou vermy, sou hy, afgesien van sy verlamming, gesond kon bly.

2) Dit was nou juis die oorledene se versuim om die instruksies na te kom wat die druksere tot gevolg gehad het. Op hul beurt het die druksere tot septicemie en die oorledene se dood gelei. Die septicemie was dus nie 'n direkte uitvloeisel van die oorspronklike verwonding nie. Inteendeel was die druksere en die samehangende septicemie die onmiddellike oorsaak van die oorledene se dood.

3) Die appellant was 'n opgevoede Swart man wat gematrikuleer het en 'n betrekking in 'n kommersiële bank beklee het. Uit die oogpunt van 'n parapleeg was sy geriewe tuis ongetwyfeld haglik, maar die gebrek aan behoorlike geriewe het nie 'n rol by sy nie-nakoming van die instruksies gespeel nie. Presies wat die instruksies was, is nie in die getuienis uitgespel nie, maar dit kom voor dat hy aangesê is om met baie kort tussenposes van sitposisies te verander. Dit kon hy doen want hy het volle gebruik van sy arms gehad. Soos reeds genoem, is nie bewys dat sy versuim om soos aangesê van posisie te verander aan 'n voorafgaande depressiewe toestand te wyte was nie. Dit blyk ook nie dat die oorledene enige eienskappe gehad wat 'n noemenswaardige verduideliking vir sy versuim kan bied nie. Ten gunste van die appellante moet dus gekonkludeer word dat die versuim objektief sowel as relatief onredelik was.

In die lig van hierdie gevolgtrekking moet

die appellante se skuldigbevindings en vonnisse op die derde aanklag ter syde gestel word. Die advokate was dit tereg eens dat die appellante hulle nietemin aan poging tot moord op die oorledene skuldig gemaak het. Gevolglik moet die bevinding van skuldig aan moord vervang word met 'n skuldigbevinding aan poging tot moord. 'n Gepaste vonnis is een van 10 jaar gevangenisstraf.

Ek kom ten slotte by die vonnisse op die ander aanklagte. Wat daardie vonnisse (anders as die doodvonnisse) betref, is nie aangevoer dat enige besondere vonnis aanvegbaar is nie. Wel is betoog dat die totale effektiewe gevangenisstraf wat elke appellant opgelê is buitensporig is.

Ek meen dat die appellante se advokate gelyk gegee moet word. Onthou sal word dat die verhoorregter sekere vonnisse samelopend gemaak het, maar dat desnieteenstaande die appellante effektiewelik gevangenisstraf van tussen $48\frac{1}{2}$ jaar en $56\frac{1}{2}$ jaar

opgelê is. Hierdie hof het in die jongste tyd aangedui dat sulke lang vonnisse geheel en al onvanpas is. Trouens, in die ongerapporteerde uitspraak in S v Fofo (appêl 312/1987), en weer in S v Morris en 'n Ander 1989 (2) SA 643 (A) 645, is beslis dat 'n totale gevangenisstraf van meer as 25 jaar slegs in enkele, buitengewone gevalle te regverdig is. Weens die noue samehang tussen die verskillende aanklagte meen ek dan ook dat elk van die appellante tot 'n effektiewe termyn van 25 jaar gevangenisstraf gevonniss moes gewees het. Aan hierdie beskouing word gevolg gegee in onderstaande bevele.

Die appêl slaag gevolglik tot die volgende mate:

1) Die skuldigbevindings van die appellante op aanklag drie en die doodvonnisse wat hulle daarop opgelê is, word ter syde gestel en ten opsigte van elke appellant deur die volgende vervang:

"Op aanklag drie word die beskuldigde skuldig

bevind aan poging tot moord en gevonniss tot 10 jaar gevangenisstraf."

2) Wat elke appellant betref, word die bevel van die verhoorregter aangaande die samelopenheid van vonnisse ter syde gestel en deur die volgende vervang:

"Dit word beveel dat 3 jaar van die termyn van 10 jaar gevangenisstraf wat die beskuldigde op aanklag drie opgelê is, sowel as al sy ander vonnisse, moet saamloop met die termyn van 18 jaar gevangenisstraf waartoe hy op aanklag twee gevonniss is."

H.J.O. VAN HEERDEN AR

VIVIER AR

STEYN AR

STEM SAAM

KUMLEBEN AR

FRIEDMAN Wn AR